

23 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 9:1-17  
Fokusgedeelte: Lukas 9:10-17

### Jesus is die ware, hemelse Brood wat ewige lewe gee

Tydens daardie een Paasfees wat Jesus nie in Jerusalem bygewoon het nie (vgl Joh 6:4), trek Hy Hom saam met sy dissipels terug na 'n stil plek naby Betsaida. Die rus was egter van korte duur, want kort voor lank het die mense Hom daar opgespoor. Omdat Jesus hulle **geestelike honger** geken het, was Hy dadelik weer bereid om met hulle oor die koninkryk van God te praat en die siekes onder hulle te genees.

Toe die son begin sak, besef Jesus dat die mense ook **liggaamlik honger** is. Daarom gee Hy opdrag dat hulle gevoed word. Terwyl die paaslam in Jerusalem geslag word, voed die Lam van God 'n skare van ten minste tien duisend mense (die mans alléén was vyf duisend) uit 'n karige bron van vyf brode en twee vissies. Daarmee het sy gewildheid 'n hoogtepunt bereik, soveel so dat Johannes vir ons sê dat die skare Hom summier wou koning maak (Joh 6:14,15). Hulle het hulle só teen die **aardse brood** blindgestaar, dat hulle die **hemelse Brood** misgekyk het!

Hierin sien ons weer 'n aanslag van die duiwel op die Messias. Deur die optrede van die skare is hy besig met 'n volgende poging om van Jesus 'n aardse koning te maak en Hom skadeloos by die kruis verby te rangeer. Ook hierdie keer triomfeer Jesus (Joh 6:15). In Joh 6:26-59 sê Hy uitdruklik vir die skare dat Hy geen aardse koning is nie. Hy is die brood van die lewe wat uit die hemel gekom het om ewige lewe te gee aan diegene wat Hom "eet" (dit is: in Hom glo). Hierdie woorde en Jesus se weiering om 'n messias volgens die smaak van die Jode te wees, het daartoe gelei dat sy gewildheid oornag in Galilea getaan het.

Dank die Here dat Hy konsekwent geweier het om 'n ander messias as Messias volgens die Skrifte te wees. Toon jou dankbaarheid deur met volharding te weier om 'n ander soort Christen te wees as wat Hy wil hê jy moet wees!

Sing: Skrifberyming 28:1,2

Ds JJ Cloete (Koster)